basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEDURENDE DIE 1970's BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Haal DRIE organisasies uit die bron aan wat vir die opkoms van die Swartbewussynsbeweging verantwoordelik was. (3 x 1) (3)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, is die Swartbewussynsbeweging gestig? (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op hoe aktiviste van die Swartbewussyns-beweging van plan was om die 'juk van onderdrukking ' in Suid-Afrika te breek. (2 x 2) (4)

1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die rol wat SASO onder die swart Suid-Afrikaanse jeug gespeel het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, is Tiro uit die Universiteit van die Noorde geskors? (1 x 1) (1)

1.2.2 Verduidelik die invloed wat Tiro op Mashinini se politieke denke gehad het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Identifiseer die TWEE bevrydingsoorwinnings in die bron wat gedien het om Soweto-leerders te inspireer. (2 x 1) (2)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoe, volgens die bron, het die Suid-Afrikaanse polisie op die leerders van Soweto gereageer? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink Sam Nzima nie gestop het om Hector Pieterson te help nie. (2 x 2) (4)

1.3.3 Noem enige TWEE maniere in die bron waarop leerders gereageer het nadat hulle van Hector Pieterson se dood gehoor het. (2 x 1) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik waarom jy dink die redakteur van *The World*-koerant besluit het om hierdie artikel op die voorblad te publiseer. (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat die impak van die Soweto-opstand van 1976 bestudeer. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D rakende Sam Nzima se rol gedurende die Soweto-opstand van 1976 ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn Suid-Afrikaanse leerders gedurende die 1970's beïnvloed het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE GEHELP OM GENESING TE VIND?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Wie, volgens die bron, was vir die stigting van die WVK verantwoordelik? (1 x 1) (1)

2.1.2 Verduidelik hoe die vrese van die volgende deur die WVK hanteer is:

(a) Afrikaners (1 x 2) (2)

(b) Die ANC (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *versoening* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.4 Identifiseer die TWEE leiers van die WVK in die bron. (2 x 1) (2)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die WVK oortreders en slagoffers van politieke misdade hanteer het. (2 x 2) (4)

2.1.6 Kies TWEE bewysstukke uit die bron wat die doelstellings van die WVK oordra. (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, is Rick Turner vermoor? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik waarom jy dink dat Rick Turner se moordenaar na veertig jaar 'steeds vry' is. (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem enige DRIE leiers, soos in die bron aangehaal, wat 'die hoogste prys in die stryd vir 'n vry en demokratiese land betaal het'. (3 x 1) (3)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik of Jann Turner met die vind van haar vader se moordenaar suksesvol was. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Haal TWEE stellings uit die bron aan wat te kenne gee dat die BSV vir die moord op Rick Turner verantwoordelik was. (2 x 1) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou wanneer die omstandighede waaronder Rick Turner vermoor is, nagevors word. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting oor die sluipmoord op Rick Turner in beide bronne eenders is. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Alex Boraine gesê het dat 'Vergeldende Geregtigheid', 'uit hierdie ekspedisie weggelaat is'. (2 x 2) (4)

2.5.2 Verduidelik waarom jy dink Zapiro na 'VLAKPLAAS' in die spotprent verwys. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie slagoffers van politieke misdade gehelp het om afsluiting te vind. (8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING NA 1990 TOT WERKSVERLIESE IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, het die werkende klas op die klere- en tekstielbedryf staatgemaak? (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Sjina die plaaslike klere- en tekstielbedryf beïnvloed het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Watter impak het globalisering op die volgende gehad:

(a) Groot maatskappye (1 x 1) (1)

(b) Klein en medium-ondernemings (1 x 1) (1)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Haal DRIE redes uit die bron aan wat die Cape Clothing Association vir die werksverliese in die klere- en tekstielbedryf gegee het. (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik waarom jy dink SACTWU nie met die Cape Clothing Association se kommentaar oor werksverliese in die klere- en tekstielbedryf saamgestem het nie. (2 x 2) (4)

3.2.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat navorsing oor werksverliese in die klere- en tekstielbedryf doen. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die plakkaat oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom COSATU besluit het om die plakkaat te ontwerp. (2 x 2) (4)

3.4 Vergelyk Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C oor werksverliese in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf ondersteun. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Wat, volgens die bron, het in 2015 met die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf gebeur? (3 x 1) (3)

3.5.2 Hoe, volgens Eppel, is werk in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf geskep? (2 x 1) (2)

3.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink SACTWU besluit het om die 'koop Suid-Afrikaans'-veldtog te onderneem. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe globalisering na 1990 tot werksverliese in die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf bygedra het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Dit was hewige druk deur internasionale anti-apartheidsorganisasies wat tot die politieke transformasie in Suid-Afrika gelei het.

Bespreek hierdie stelling krities deur te verwys na die verskillende vorme van weerstand wat die internasionale anti-apartheidsorganisasies gedurende die 1980's onderneem het, wat tot die uiteindelike ineenstorting van die apartheidsregime bygedra het. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA DIE SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Nelson Rohilahla Mandela, 'Die Vader van die Nasie', was eiehandig vir die geboorte van 'n vry en demokratiese Suid-Afrika in 1994 verantwoordelik.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate die val van die Berlynse Muur in 1989 die weg vir die Nasionale Party en die African National Congress gebaan het om met samesprekings te begin.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

**NOVEMBER 2018**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit of 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEDURENDE DIE 1970's BEÏNVLOED?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op die redes vir die ontstaan van die Swartbewussynsbeweging.

Die Swartbewussynsbeweging (SBB) het in 1968 ontstaan. Dit was 'n gevolg van 'n politieke leemte wat die apartheidsregime deur die verbanning en gevangenskap van leiers van die African National Congress, die Pan Africanist Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty geskep het.

Nog 'n faktor wat vir die ontstaan van die Swartbewussynsbeweging verantwoordelik was, was die toenemende frustrasie en marginalisering (minagting) wat deur swart studente ervaar is as gevolg van die grotendeels wit studenteleierskap van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS). Die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) is in 1969 gestig en hoofsaaklik deur Bantu Stephen Biko en Barney Pityana gelei. Dit het op die bevordering van die saak van die onderdruktes in Suid-Afrika gefokus.

Die SASO het die grondslag gelê vir wat verder (groter) as universiteite en studentegroepe sou groei om 'n meer uitgebreide beweging te word. Hulle het die werke van die Brasiliaanse opvoedkundige, Paulo Freire, gebruik wat oor die idee van 'bewusmaking' gepraat het, met ander woorde om mense krities van hul omstandighede bewus te maak en om dit te verander. Swartbewussynaktiviste, soos Mosiuoa Lekota, Strini Moodley, Mamphela Ramphela en Saths Cooper, het 'n sleutelrol gespeel om te verseker dat Suid-Afrikaners die 'juk (las) van onderdrukking' verbreek sodat hulle introspeksie kon doen om hul vermoëns te ontwikkel en hulle bevryding 'n werklikheid te maak.

SASO het later jeugleierskapkonferensies gehou by 'vormingskole' waar studente kritiese sosiale analise- en organisasievaardighede geleer het. Dit het gehelp om die Swartbewussynsfilosofie onder hoërskoolleerders te versprei …

[Uit *Steve Biko and the Black Consciousness Movement* deur A Hadfield]

**BRON 1B**

Die uittreksel uit 'n koerantartikel hieronder fokus op die rol wat Onkgopotso Tiro gespeel het om Tsietsi Mashinini (studente-aktivis) se politieke denke te vorm.

Onkgopotso Tiro was 'n student aan die Universiteit van die Noorde, bekend as Turfloop. Hy is geskors omdat hy tydens 'n gradeplegtigheidseremonie 'n vurige toespraak gelewer waarin hy Bantoe-onderwys gekritiseer het.

Morris Isaacson [Hoër skool] se prinsipaal, Legau Mathabathe, het Tiro 'n geleentheid gebied toe hy hom 'n onderwyspos gegee het. Dit is hoe mentor en gementorde ('mentee'), Tiro en Mashinini, ontmoet het. Tiro was vir Mashinini 'n bron van kennis oor die Swartbewussynsfilosofie en die droom dat Suid-Afrika eendag vry sou wees om Azania genoem te word. Tiro het Mashinini se politieke denke beïnvloed wat laasgenoemde se aanvaarding van die filosofie van Swart Bewussyn verduidelik. Tiro, wat Mashinini se Engels- en Geskiedenisonderwyser was, het hom as 'n kritiese denker van formaat met 'n passie vir lees beskryf.

Mashinini is verkies tot voorsitter van die taakkomitee, later as die Soweto-studenteraad (SSR) hernoem. Hy was die eerste president en is deur Khotso Seathlolo en later Tromfomo Sono en Dan Motsisi opgevolg.

Die vryheidsoorwinnings in Mosambiek in 1974 en Angola in 1976 het as inspirasie vir die Soweto-leerders gedien. Daar is besluit om op 16 Junie 1976 'n vreedsame optog teen die instelling van Afrikaans as 'n onderrigtaal te hou. Die optog het meer as 20 000 studente in skooldrag gelok. Geen geweld is beplan nie. Mashinini het beklemtoon dat die optog vreedsaam en versigtig bestuur moes wees om aanhitsing te vermy. Maar die Suid-Afrikaanse polisie het met lewendige ammunisie gereageer.

[Uit *Sunday Independent*, 12 Junie 2016]

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is deel van 'n onderhoud wat Clare O'Donoghue met Sam Nzima gevoer het. Hy [Nzima] het as 'n fotojoernalis by *The World*-koerant gewerk en was verantwoordelik vir die vaslê van die gebeure wat op 16 Junie 1976 in Soweto ontvou het.

Die Suid-Afrikaanse Polisie is op 16 Junie 1976 in Soweto ingestuur. Die polisie, deur 'n wit man aangevoer, het begin om 'n stok rond te swaai en geskree: 'Weg met julle. Ons gee julle drie minute.' Dit was 'n gespanne situasie. Ek wou nie deel van die skare wees nie en 'n 'pers'-armband aangesit om myself te identifiseer. Toe begin die leerders *Nkosi Sikelel' iAfrika* sing.

'Ons gaan skiet,' het hy gesê en sy handwapen uitgepluk. Hy het dit direk op die leerders gerig en twee skote gevuur. Toe was die duiwel los. Hy het 'n teken gegee en nog polisiemanne het begin skiet. Leerders het in alle rigtings gehardloop. Ek weet nie hoe ek buite trefafstand gekom het en in iemand se huis beland het nie, maar ek onthou dat ek omgedraai en gesien het hoe Hector Pieterson val. Hy was die eerste een. Ek het gesien hoe Mbuyisa Makhubu hom optel en begin om in my rigting te beweeg, met Hector se suster, Antoinette, wat langs hom hardloop. Soos hulle in die pad afgekom het, het ek ses foto's geneem, die beroemde foto ingesluit. In 'n toestand van skok het ek gewerk sonder om te dink. Mense het my gevra waarom ek nie gestop het om vir Hector te help nie, maar ek was 'n joernalis, ek was daar om vas te vang wat gebeur.

Mbuyisa het Hector in die motor gelaai en hulle het na die kliniek oorkant die straat gery. Een van die leerders het gehoor dat die dokter Hector dood by aankoms verklaar en gehardloop om die ander te vertel. Hulle was ontstoke (kwaad) en baie het begin om die polisie met klippe te bestook, ander het motors en geboue aan die brand gesteek en drankwinkels gestroop.

Ek het my film opgerol en dit aan die bestuurder gegee om daarmee na die pers te jaag voordat die polisie dit konfiskeer (afneem). Ek het nooit besef watter uitwerking dit sou hê nie …

My foto van Hector Pieterson was teen drie uur daardie dag op die voorblad van elke koerant, hier en oorsee.

[Uit https://archive.cnx.org/contents/53c6c858-d33f-4e4f-9065-2927a5611edd@1.html. Toegang op 4 April 2018 verkry.]

**BRON 1D**

Die artikel hieronder het op 16 Junie 1976 op die voorblad van *The World*-koerant verskyn. Die foto links op die bladsy is deur Sam Nzima geneem. Dit wys Antoinette Pieterson langs Mbuyisa Makhubu wat vir Hector Pieterson dra.



THE WORLD

NOT FOR SALE

5c OUR OWN, OUR ONLY PAPER WEDNESDAY, JUNE 16, 1976 EXTRA LATE

Students clench their fists in the "Black Power" salute as they march through Soweto streets.

# 4 DEAD, 11 HURT AS KIDS RIOT

## Police clash with protest marchers

**AT LEAST four people are reported dead and 14 injured in Soweto today when police clashed with some 10 000 schoolkids who marched through the streets of the townships, protesting against being taught certain subjects in schools through the medium of Afrikaans.**

One of the dead is a student and an other an old man, who died from a stray bullet.

A policeman was also reported to be dead and a White motorist, who was stabbed to death. His car was stoned and set alight.

Among the injured were a student who was shot in the leg and another, with a bullet wound in his back.

Police and schoolkids clashed near the Belle Higher Primary School, Orlando West.

A White motorist passing was stoned, stabbed to death and his car set alight. Another White man's car was also set alight. He escaped with head injuries.

In Phefeni a police car was stoned and set alight but the Black police driver escaped uninjured.

About 300 police fired hundreds of rounds into the air as they tried to quell the riot as kids hurled stones at the police.

At the time the police opened fire more than one thousand more pupils from Naledi on the west of Soweto were still marching to join the rioting pupils.

### Smashed

Many of the 50 police cars which raced to the scene of the riot had their windscreens smashed by the rampaging students.

More than 10 000 students from a number of Soweto schools staged a march this morning through the township, protesting against the teaching of certain subjects in schools through the medium of Afrikaans.

The march follows the strike by students in ju-

To Back Page ➤

## Whites ordered out

ALL White officals of t West Rand Administrati Board and White visit to Soweto have been dered out of the area the day.

This was said in a ra message to all offices t morning after police wa ed that they would not able to protect Whites the area.

The White staff of t Jabulani State School, le the premises in a hur during examinations aft a similar warning.

The teachers were war ed after a White scho inspector had been a saulted near Morris Issa son High School on h way to the Jabula school. The rear win screen of his car w smashed.

SPECIAL OFFER
2 for the price of 1
15,72 cm Grocery
91,44 cm Kitchen Dresser by Afristeel
Both for R149
Dep. R16 and R7 monthly

e schoolkid killed in today's riot in Soweto is carried away from the scene the disturbances. At the time of going to press he had not yet been identified. (More pictures on Page 4).

[Uit https://apartheidperiod.wordpress.com/2014/12/04/primary-source-analyisi. Toegang op 17 April 2018 verkry.]

ANTOINETTE PIETERSON

MBUYISA MAKHUBU

HECTOR PIETERSON

| AFRIKAANSE VERTALING: | **4 DOOD, 11 BESEER TOE KINDERS OPROER MAAK** **Polisie bots met optoggangers** |
|---|---|

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE GEHELP OM GENESING TE VIND?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder beskryf die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

'n Sleutelfiguur in die formulering van die wet wat die kommissie (WVK) daargestel het, was die destydse Minister van Justisie, Dullah Omar. Daar was baie publieke angstigheid oor die moontlikheid van 'n anti-Afrikaner-heksejag. Hy het hierdie vrese besweer:

*Ek wil beklemtoon dat die doel nie is om 'n heksejag uit te voer of om oortreders van menseregteskendings voor die hof op aanklagte te daag nie. Dit is … om Suid-Afrikaners in staat te stel om hulle verlede op 'n moreel aanvaarbare basis te aanvaar en om die saak van versoening te bevorder.*

Die bewerings van wanpraktyke teen die ANC 'sou ook nie toegesmeer word of onder die mat gevee word nie'. Omar het voortdurend die behoefte beklemtoon om 'n forum vir slagoffers te verskaf om die waarheid te praat, soos hulle dit ervaar het, en vir oortreders om die waarheid te openbaar, soos aan hulle bekend.

Die WVK het vroeg in 1996 tot stand gekom, onder die gesamentlike leierskap van Aartsbiskop Desmond Tutu en die voormalige geestelike en liberale politikus, Alex Boraine. Ander kommissarisse het uit alle rasse en politieke spektrums gekom.

Hulle taak was om menseregteskendings tussen 1960 en 1994 aan beide kante te ondersoek, om getuienis deur slagoffers en oortreders aan te hoor en, daar waar die volle waarheid openbaar is en politieke motivering duidelik aanwesig was, oortreders amnestie van vervolging of siviele optrede te gee. Die doelstellings van die WVK was om die waarheid en genesing aan te moedig.

[Uit *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* in opdrag van die Ministerie van Onderwys, 2004.]

**BRON 2B**

Die koerantartikel hieronder fokus op hoe Rick Turner vermoor is. Dit het op 7 Januarie 2018 in die *Sunday Tribune* verskyn met die titel, 'Wie het dr. Rick Turner vermoor?'.

Dit is net na middernag op 8 Januarie 1978 en universiteitsakademikus en politieke aktivis, Rick Turner, hoor 'n geluid buite sy huis in Daltonweg 32, in die Durbanse woonbuurt Bellair. Geklee in kort slaapklere, loop hy van sy slaapkamer om ondersoek in te stel. 'n Skoot gaan af en Turner slaan op die vloer neer. Sy moord vind slegs vier maande na die moord van 'n ander politieke aktivis, die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, deur die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie plaas.

Turner se moordenaar is na veertig jaar steeds vry indien hy nog lewe. Maar die konsensus (ooreenstemming) is steeds dat hierdie sluipmoord deur die apartheidsregime se veiligheidsmag beplan en uitgevoer is. 'n Hartseerstorie oor die houding van Suid-Afrikaners oor die moorde op diegene wat die hoogste prys in die stryd vir 'n vry en demokratiese land betaal het, byvoorbeeld Biko, Neil Agget, Matthew Goniwe, Sparrow Mkhonto en Ashley Kriel het in die dekades na Turner se sluipmoord ontluik (ontvou).

Jann Turner (Rick se dogter) sê haar ondersoek, wat in 1989 begin het, is deur ondersoekjoernalis, Jacques Pauw, se onthullings oor die veiligheidspolisie se moordbendehoofkwartier by Vlakplaas gemotiveer. Daar was nuwe hoop in 2015 dat Turner se moordenaar oplaas geïdentifiseer sou word met die vrystelling van die Artikel 29-verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, getuienis wat nie voorheen geopenbaar is nie.

Maar dit het nie 'n moordenaar geïdentifiseer nie. Daar was baie aanduidings. Onder diegene wat deur die WVK opgeroep is om getuienis te lewer, was Chris Earle, 'n voormalige moord-en-roof-kaptein, sy bevelvoerder, Majoor Christoffel Gert Groenewald en Martin Dolinschek, 'n operateur van die Buro vir Staatsveiligheid (BSV) …

[Uit https://www.iol.co.za/sunday-tribune/news/who-killed-dr-rick-turner-12638345.
Toegang op 10 Februarie 2018 verkry.]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is 'n afskrif van die getuienis wat Jann Turner oor die sluipmoord van haar pa, Rick Turner, by die WVK-verhore gegee het. Dit is op 24 Oktober 1996 in Durban gehou en die voorsitter was dr. Alex Boraine.

**VOORSITTER:** Weer eens, wanneer jy gereed is, moenie haastig wees nie. Ons sal luister. Baie dankie.
**JANN TURNER:** My naam is Jann Turner. Baie dankie dat julle ons vandag aanhoor. Ek gaan 'n bietjie praat oor die nag toe my pa vermoor is, en dan oor my eie pogings om oor die jare heen sy moordenaar te vind.

… Dit lyk vir my meer as vreemd dat die Durbanse moord-en-roof-eenheid, 'n eenheid met 'n uitstekende rekord van opgeloste misdade, nog nooit eens met 'n sterk leidraad, wat nog te sê 'n moordenaar, vorendag gekom het nie. Dit was buitengewoon vir die moordenaar van 'n wit persoon in 'n wit woonbuurt om in 1978 nie gearresteer te word nie. Nog meer buitengewoon wanneer die slagoffer deur die polisie dopgehou is, soos ons weet is my pa voortdurend vir ten minste vyf jaar dopgehou.

Wie ook al my pa vermoor het, het dit met uitsonderlike professionaliteit en effektiwiteit gedoen en het die beste hulp gehad om hulle spore toe te smeer. Dit wil my voorkom asof die enigste mense wat op so 'n manier kon opgetree het die lede of agente van die destydse Buro van Staatsveiligheid (BSV) of veiligheidspolisie was. Dit is belangrik om kennis te neem dat my pa se sluipmoord nie geïsoleerd was nie. Ons het net 'n paar weke voor hy vermoor is, gehoor dat skote op Fatima Meer se huis gevuur is. Fatima het gelukkig ontkom.


Soos wat die gewese polisieman, Dirk Coetzee, en Martin Dolinschek aan my verduidelik het, is mense soos my pa nie eens as menswaardig beskou nie, hulle was kommunistiese, terroristeskuim (vuilgoed). Hulle was letterlik doodmaklike teikens …

Alle ondersoeke tot op hede het ons tot by die muur van stilswye rondom die BSV en die veiligheidspolisie gelei. Die Waarheids-en-Versoeningskommissie bied die eerste, en waarskynlik ook die laaste, hoop dat my pa se sluipmoord volledig en amptelik ondersoek sal word. Ek wil weet wie my pa vermoor het en waarom. Ek verwag nie dat julle met die moordenaar vorendag moet kom nie, maar wat ek wel verwag is dat julle sal probeer om sy moord te ondersoek … Leon Mellet, 'n destydse misdaadverslaggewer by een van die Durbanse koerante, en nou 'n brigadier, het in die week na my vader vermoor is verskeie stories geskryf waarin gesinspeel is dat my vader deur die ANC vermoor is …

[Uit http://sabctrc.saha.org.za/tvseries/episode9/section3.htm.
Toegang op 23 Maart 2018 verkry.]

**BRON 2D**

Die spotprent beeld Aartsbiskop Desmond Tutu en dr. Alex Boraine uit wat teen die BEWYSE-BERG uitklim. Hulle is die taak opgelê om politieke wandade wat tussen 1960 tot 1994 gepleeg is, te ondersoek.




[Uit *Sowetan*, 1 Mei 1996]

**VERGELDENDE GEREGTIGHEID**

**VLAKPLAAS**

**DESMOND, MENSE VRA WAAROM SY UIT HIERDIE EKSPEDISIE WEGGELAAT IS…**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING NA 1990 TOT WERKSVERLIESE IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF BYGEDRA?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op hoe globalisering die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika beïnvloed het.

Globalisering het 'n negatiewe invloed op die klere- en tekstielbedryf gehad met ernstige gevolge (nasleep). Alhoewel die bedryf slegs 0,6% tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) bydra, verskaf dit direk werksgeleenthede aan 127 000 mense, ongeveer 20% meer as die motor- en onderdelesektor. Daarom hang die lewensbestaan van baie mense van die arbeidersklas van die oorlewing van die bedryf af. Hierdie bedryf het voor 1990 op die plaaslike mark staatgemaak; sedert Suid-Afrika se integrasie (insluiting) in die wêreldekonomie, is die mark egter met goedkoop invoere, hoofsaaklik uit Sjina, oorstroom. Suid-Afrika se nie-mededingende tekstiel-en-klerebedryf het voorheen op invoertariewe en kwotabeperkings staatgemaak om dit teen buitelandse invoere te beskerm. Integrasie in die wêreldekonomie het egter lidmaatskap van die Wêreldhandelsorganisasie ingesluit wat die land se vermoë om beskermende maatreëls te gebruik, beperk het.

Groot firmas het op die impak van globalisering gereageer deur beleggings te lok om masjinerie en prosesse te moderniseer. As gevolg daarvan het produktiwiteit verbeter en klere-uitvoere het vanaf 4% in 1990 tot 18% in 2000 gegroei. Sulke veranderings was egter nie sonder koste nie aangesien verhoogde produktiwiteit verlaagde werksvlakke behels het. Dit is die klein- en medium-ondernemings (KMO's) wat die meeste sukkel, want hulle kon nie daarin slaag om die nodige beleggings te lok nie. Sonder om produksiehoeveelhede te verhoog, is een moontlikheid vir oorlewing dalk om met die waardeketting op te beweeg en funksies te verrig wat meer waarde toevoeg …

[Uit *Industrialisation in South Africa: The Impact Of Globalisation* deur P Green]

**BRON 3B**

Die artikel hieronder beklemtoon die redes en reaksie op werksverliese in die klere- en tekstielbedryf in Kaapstad. Dit is deur S Mangxamba geskryf en het op 29 Oktober 2001 in die *Independent Online News* verskyn.

**DUISENDE WERKSGELEENTHEDE IN KAAPSE KLEREHANDEL VERLORE**

Sluitings het gedurende die afgelope 10 maande 'n verwoestende uitwerking op werksgeleenthede in die klerebedryf, Kaapstad se grootste werkverskaffer, gehad met 19 maatskappye wat hul deure gesluit het en ten minste 2 249 werksverliese.

Die werkgewersorganisasie, Cape Clothing Association, het die verlies aan werk in die Moederstad aan stygende arbeids-, grondstof- en fabriekshuurkoste, gepaard met 'n toename in onwettig ingevoerde goedere, toegeskryf.

Maar die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie (SACTWU) het gesê dat dit 'absoluut onwaar' is dat arbeidskoste buite verhouding gestyg het.

SACTWU se adjunk-hoofsekretaris, Andre Kriel, het verklaar: 'Arbeidskoste het met die inflasiekoers tred gehou. Dit is eenvoudig onwaar dat arbeidskoste gedurende die laaste paar jaar die hoogte ingeskiet het. Die werklike koste van salarisstygings in 2000 en 2001 vir klerebedryfwerkgewers in die Wes-Kaap was 6 persent en 1,87 persent onderskeidelik.

Gert van Zyl, direkteur van die Cape Clothing Association, beweer dat ten minste 140 maatskappye sedert 1991 óf hulle deure gesluit het óf na persele in die voormalige tuislande of ander state in suidelike Afrika, soos Malawi, getrek het.

SACTWU het gesê dat daar net gedurende die afgelope 24 maande ten minste 33 963 werksgeleenthede in die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika verlore gegaan het, met die kleresektor wat 'n totaal van 22 756 werksgeleenthede verloor het.

Die unie het die aantal werksverliese grootliks toegeskryf aan die tariefprogram wat so deurgejaag is (voorkeur gekry het), handelsooreenkomste wat in lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap gesluit is en onwettige invoere en storting.

[Uit https://www.iol.co.za/news/south-africa/thousands-of-jobs-lost-in-cape-rag-trade-75998.
Toegang op 15 September 2017 verkry.]

**BRON 3C**

Die plakkaat hieronder is in 2015 deur die Congress of South African Trade Unions (COSATU) geproduseer. Dit was in reaksie op die duisende werkers wat hul werk as gevolg van die sluiting van klere- en tekstielfabrieke in KwaZulu-Natal en Kaapstad verloor het.




[Uit http://www.industriall-union.org/a-turnaround-for-south-africas-tectile-industry. Toegang op 15 September 2017 verkry.

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA

RED ONS KLEREFABRIEKE

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder fokus op die strategieë wat vakbonde gebruik het om werksgeleenthede in die klere- en tekstielsektor te red. Dit het op die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie (SACTWU) se webtuiste verskyn.

Suid-Afrika is histories een van die grootste klereprodusente op die vasteland van Afrika, maar het die afgelope 15 jaar dalende produksie ervaar. Die nuwe energie-inspuiting in die tekstielbedryf in 2015 wat nuwe werksgeleenthede, groter geleenthede en verhoogde produktiwiteit tot gevolg het, het duidelik geword het.

Simon Eppel, navorser by SACTWU, vertel hoe die unie werk om ordentlike werksgeleenthede in die Suid-Afrikaanse tekstielbedryf te red en te vermeerder: 'Die bedryf verloor steeds werksgeleenthede, maar die getal het aansienlik verminder. By SACTWU probeer ons werksgeleenthede red waar dit andersins verlore sou gaan, en ons het dit onlangs reggekry om werksgeleenthede in die bedryf te laat groei.' Werk in Suid-Afrika se tekstielbedryf is op stuk van sake besig om te groei – in die laaste jaar het dit met 1,5 persent gestyg.

'Dit is bevestiging dat die regering se ondersteuning van die bedryf, gepaargaande met die unie se aktiewe veldtog vir werk, voortgaan om vrugte af te werp,' sê Eppel. 'Na 'n tydperk van stabiliteit, gevolg deur jare van werksverliese, lyk dit asof werksgeleenthede in ons bedryf gereed is om te groei.'

Eppel voeg by dat hy 'versigtig optimisties' oor hierdie tentatiewe (tydelike) ommeswaai is wat grootliks te danke is aan die energie wat ingesit is om die bedryf te laat herleef. Een voorbeeld is die Suid-Afrikaanse regering wat die vergroening van die bedryf [klere en tekstiel] voorstaan om dit meer volhoubaar te maak. Nog 'n voorbeeld is SACTWU se 'koop Suid-Afrika'-veldtog, waar die unie ooreenkomste met groot maatskappye en instellings aangaan om die plaaslike bedryf te ondersteun. SACTWU voer sedert die vroeë 2000's 'n veldtog waarin 'n beroep op verbruikers gedoen word om plaaslik geproduseerde tekstielprodukte en Suid-Afrikaans te koop en hoe dit die gemeenskap beïnvloed.

Uit http://www.industriall-union.org/a-turnaround-for-south-africas-textile-industry.
Toegang 15 September 2017 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bron en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* in opdrag van die Ministerie van Onderwys, 2004.

Green, P. 2009. *Industrialisation in South Africa: The Impact Of Globalisation* (University of East Anglia)

Hadfield, A. 2017. *Steve Biko and the Black Consciousness Movement* (Southern Africa Online)

http://sabctrc.saha.org.za/tvseries/episode9/section3.htm

http://www.industriall-union.org/a-turnaround-for-south-africas-textile-industry

https://apartheidperiod.wordpress.com/2014/12/04/primary-source-analyisi

https://archive.cnx.org/contents/53c6c858-d33f-4e4f-9065-2927a5611edd@1.html

https://www.iol.co.za/news/south-africa/thousands-of-jobs-lost-in-cape-rag-trade-75998

https://www.iol.co.za/sunday-tribune/news/who-killed-dr-rick-turner-12638345

*Sowetan*, 1 Mei 1996

*Sunday Independent*, 12 Junie 2016

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar, bv.

___________ . __________________________ . __________________________
______________________________________________ . __________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud/geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag nie op gepaste wyse beantwoord nie en vaag; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEDURENDE DIE 1970's BEÏNVLOED?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'African National Congress (ANC)'
- 'Pan Africanist Congress (PAC)'
- 'Suid Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)'
- 'NUSAS' (enige 3 x 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'Dit was 'n gevolg van 'n politieke leemte wat die apartheidsregime deur die verbanning en gevangenskap van leiers ... geskep het'
- 'Toenemende frustrasie en marginalisering wat deur swart studente ervaar is as gevolg van die grotendeels wit studenteleierskap' (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1A - V1]*

- 'n Filosofie wat selfvertroue aangemoedig het/selfhandhawing en trots
- 'n Filosofie wat swart Suid-Afrikaners aangemoedig het om onafhanklik van ander rasse te wees
- 'n Filosofie wat gelykheid, geregtigheid, trots en eenheid aangemoedig het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Het mense aangemoedig om alle vorme van diskriminasie te verwerp
- Wou hê dat mense hulle self laat geld en minderwaardigheid weerstaan (raak polities bewus)
- Het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om onderdrukking te beveg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- SASO het leierskapkonferensies gehou om swart Suid-Afrikaanse studente polities bewus te maak/ verenig
- SASO het studente kritiese analitiese vaardighede geleer
- SASO het studente organisasie vaardighede geleer
- Die vaardighede wat by die leierskap konferensies geleer was, het studente gehelp om die ideë van Swart Bewussyn onder hoërskoolleerders te versprei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Omdat hy tydens 'n gradeplegtigheidseremonie 'n vurige toespraak gelewer waarin hy Bantoe-onderwys gekritiseer het' (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - V2]*
- Tiro het sy kennis van SB met Mashinini gedeel
- Tiro het Mashinini aangemoedig om nie onderhorig te wees aan minderwaardigheid nie/ om nie as ŉ tweedehandse burger behandel te word nie
- Tiro het die visie van 'een Azania' met Mashinini gedeel/ het hom beïnvloed om te glo dat SB vryheid van onderdrukking sou bring
- Tiro het Mashinini inspireer met sy ideë en denke
- Mashinini het toegewyd geraak aan die filosofie van SB
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B - V1]*
- 'Mosambiek in 1974'
- 'Angola in 1976' (2 x 1) (2)

1.3
1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Het begin om ŉ stok rond te swaai en geskree: Weg met julle'
- 'Ons gee julle drie minute'
- 'Ons gaan skiet'
- 'Sy handwapen uitgepluk'
- 'Twee skote gevuur'
- 'Hy het 'n teken gegee en nog polisiemanne het begin skiet' (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C - V2]*
- Sam Nzima was 'n fotojoernalis en het op die gebeure rapporteer (vas te vang wat gebeur het) soos dit ontwikkel het
- Om die gruweldade en brutaliteit van die apartheidsregime te openbaar
- 'n Joernalis behoort onpartydig te wees en moet op gebeure rapporteer sonder emosie
- Sam Nzima was dalk geskok/ bang
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Baie het begin om die polisie met klippe te bestook'
- 'Ander het motors en geboue aan die brand gesteek'
- 'Drankwinkels gestroop' (enige 2 x 1) (2)

1.4
1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om polisiewreedheid te onthul
- Om te onthul hoe die apartheidsregering reageer het op protesaksie
- Om die eenheid te beklemtoon wat studente van Soweto getoon het teen die instelling van Afrikaans as onderrigmedium
- Om te wys hoe die polisie reageer het op ongewapende kinders wat vir 'n regverdige saak geveg het
- Die gebeure was van nasionale belang/ nuuswaardig (4)
- Om met die stryd van swart Suid-Afrikaanse studente te simpatiseer/ empatiseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

1.4.2 *[Vasstelling van bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit eerstehandse inligting gee wat op 16 Junie 1976 gebeur het
- Dit die ikoniese foto bevat wat Sam Nzima van 'n gesneuwelde Hector Pieterson geneem het wat gedra word deur Mbuyisa Makhubu
- Dit jou insig gee oor hoe die apartheidsregering reageer het (brutaliteit) op protesaksie deur swart Suid-Afrikaanse studente
- Dit die solidariteit en eenheid beklemtoon onder swart Suid-Afrikaanse studente wat teen die instelling van Afrikaans as onderrigmedium protesteer
- Dit toon hoeveel studente gedood en gewond is (stistieke) gedurende die Soweto-opstand
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 1C end 1D – V3]*

- Bron 1C gee 'n geskrewe weergawe van hoe Sam Nzima 'n getuie was van hoe Mbuyisa Makhubu Hector Pieterson dra en sy suster, Antoinette wat langs hulle hardloop en Bron 1D wys die foto van dit wat werklik op 16 Junie met Hector Pieterson gebeur het
- Bron 1C noem dat Sam Nzima 'n aantal foto's geneem het van wat op 16 Junie 1976 gebeur het insluitend die 'beroemde een' en in Bron 1D sien ons die bewyse van die beroemde foto's van Hector Pieterson en die skare wat geneem is
- In Bron 1C vra Sam Nzima die bestuurder om na die pers te haas om die film te publiseer en in Bron 1D sien ons die foto wat gepubliseer was as hoofnuus in *The World*-koerant op 16 Junie 1976.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die instelling van die filosofie van Swartbewussyn het 'n politieke leemte gevul wat bestaan het toe politieke leiers van die ANC, PAC en SAKP tronkstraf uitgedien het (Bron 1A)
- SASO was gestig om swart Suid-Afrikaanse jeugdiges bewus te maak (Bron1A)
- Deur die filosofie van Swartbewussyn het mense bewus geword van hul omstandighede en wou dit verander (Bron 1A)
- Die filosofie van Swartbewussyn het seker gemaak dat Suid-Afrikaners die 'juk van verdrukking' gebreek het (Bron 1A)
- Swartbewussyn aktiviste het seker gemaak dat swart Suid-Afrikaners vir hul vryheid geveg het (Bron 1A)
- Swartbewussyn het leerders kritiese sosiale analise en organisasie vaardighede geleer (Bron 1A)
- Die filosofie van Swartbewussyn het 'n begrip van eenheid en trots onder swart Suid-Afrikaners ingeboesem (eie kennis)
- Tiro was 'n kampvegter vir Swartbewussyn en het 'n sterk invloed op Mashinini's se politieke denke gehad (Bron 1B)
- Die filosofie van Swartbewussyn het leerders beïnvloed om 'n vreedsame betoging te onderneem op 16 Junie 1976 teen Afrikaans as medium van onderrig (Bron 1B)
- Fotojoernalis Sam Nzima het die gebeure soos dit ontwikkel het op 16 Junie 1976 vasgevang wat deur die Swartbewussynsfilosofie beïnvloed is (Bron 1C)
- Die Soweto-opstand was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika (eie kennis)
- Beskryf hoe studente beïnvloed is deur Swartbewussyn om vir hul regte op te staan en die invloed daarvan (Bron 1D)
- Swartbewussyn promoveer eenheid en solidariteit onder leerlinge in Soweto (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die filosofie van Swart Bewussyn Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die filosofie van Swart Bewussyn Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE GEHELP OM GENESING TE VIND?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*

- 'Minister van Justisie, Dullah Omar' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A –V2]*

**Afrikaners**

- Dit versag hul vrese deur te noem dat deur die proses van die WVK kan Suid-Afrikaners vrede te maak met hul verlede en daarom die rede vir rekonsiliasie bevorder deur nie vergeldende geregtigheid na te streef nie
- Die WVK het beklemtoon dat sy bedoeling nie was om 'n heksejag uit te voer nie
- Dit het verseker dat die menseregteskendings van die ANC ondersoek sou word
- Dit het 'n forum daargestel om die waarheid te vertel en om amnestie toe te staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

**Die ANC**

- Sou die geleentheid kry om hulle kant van die storie aangaande menseregteskendings voor te lê (2)
- Dit het 'n forum daargestel om die waarheid te vertel en om amnestie toe te staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 2A - V1]*

- Om vriendskaplike verhoudings tussen die slagoffer en oortreder te bewerkstellig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Aartsbiskop Desmond Tutu'
- 'Alex Boraine' (2 x 1) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

**Kandidate moet 'n antwoord gee vir Oortreders en Slagoffers**

**Oortreders:**

- Om hulle getuienis aan te hoor
- Om die volle waarheid te openbaar/ waarheid te vertel aangaande politieke misdade wat gepleeg is
- Amnestie is toegestaan as die volle waarheid vertel is (enige 1 x 2)

**Slagoffers:**

- Om hulle getuienis aan te hoor
- Om Herstellende geregtigheid te verseker om genesing te bring
- Geaffekteerde families van menseregteskendings is vergoeding toegestaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (4)

2.1.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'Waarheid .. aan te moedig'
- 'Genesing' (2 x 1) (2)

2.2
2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- 'n skoot gaan af en Turner slaan op die vloer neer'
- ‘Sluipmoord’ (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Gebrek aan 'n politieke wilskrag aan die kant van die huidige regering om die dood van Rick Turner te ondersoek
- Niemand het voor die WVK verskyn om die moord op Rick Turner te erken nie/ die moordenaar is nie geïdentifiseer nie
- Die apartheidsveiligheidsmagte het die waarheid versteek met betrekking tot die moord op Rick Turner want hulle is geïmpliseer
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- 'Biko'
- 'Neil Aggett'
- 'Matthew Goniwe'
- 'Sparrow Mkhonto'
- 'Ashley Kriel' (enige3 x 1) (3)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
**Kandidate kan of SUKSESVOL of NIE SUKSESVOL NIE kies en hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**NIE SUKSESVOL NIE**
- Veertig jaar later is Rick Turner se moordenaar nog op vrye voet
- Die WVK-verhore het geen informasie verkry oor die moord van Rick Turner nie
- Die moordenaar wat verantwoordelik was vir Rick Turner se dood het nie voor die WVK verskyn om vir amnestie aansoek te doen nie
- Veiligheidsmagte het daarin geslaag om hul betrokkenheid in die moord op Rick Turner te verbloem
- Enige ander relevante antwoord

**SUKSESVOL**
**Kandidate moet hul antwoord met relevante bewyse ondersteun**
(enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- ‘Uitsonderlike professionaliteit en effektiwiteit ... en het die beste hulp gehad om hulle spore toe te smeer
- 'Dit wil my voorkom asof die enigste mense wat op so 'n manier kon opgetree het die lede of agente van die destydse Buro van Staatsveiligheid (BSV) of veiligheidspolisie was'
- 'Alle ondersoeke tot op hede het ons tot by die muur van stilswye rondom die BSV en die veiligheidspolisie gelei' (enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit gee eerstehandse inligting rakende die omstandighede waaronder Rick Turner vermoor is
- Dit noem dat Jann Turner in 1996 voor die WVK verskyn het met betrekking tot haar pa, Rick Turner se dood
- Dit verskaf inligting aan die navorser dat Jann Turner voor die WVK verskyn het om uit te vind wie haar pa vermoor het
- Dit noem dat die Durban se Moord en Roof Eenheid nie in staat was om vas te stel wie Rick Turner vermoor het nie
- Dit het BSV geïmpliseer in die sluipmoord op Rick Turner
- Dit het die ANC geïmpliseer in die moord op Rick Turner
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse van Bronne 2B en 2C - V3]*

- Bronne 2B en 2C is dieselfde want hulle dui aan dat die moordenaars van Rick Turner nooit gevind is nie
- Beide Bronne 2B en 2C impliseer BSV en die veiligheidspolisie in die sluipmoord op Rick Turner
- Bronne 2B en 2C is dieselfde want hulle verduidelik Jann Turner se rol om uit te vind wie haar pa vermoor het
- Beide Bronne 2B en 2C dui aan dat die WVK nie die moordenaars van Rick Turner geïdentifiseer het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die mandaat van die WVK was die versoening (om te genees) van beide slagoffers en oortreders en nie om vergeldende geregtigheid na te streef nie en om oortreders aan te moedig om die waarheid te vertel
- Die mandaat van die WVK was om te verseker dat herstellende geregtigheid en versoening onder alle Suid-Afrikaners gebring sou word en daarom is vergeldende geregtigheid uitgelaat
- Vergeldende geregtigheid sou lei tot verdeeldheid en onenigheid onder swart en wit Suid-Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Veiligheidspolisie wat impliseer is by die sluipmoord op Rick Turner het hul hoofkwartiere by Vlakplaas gehad
- By Vlakplaas was 'n aantal aktiviste ondervra, gemartel en vermoor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

**Kandidate moet 'n standpunt neem en verduidelik of die WVK gehelp het om families van slagoffers om afsluiting te vind**

**HET NIE SLAGOFFERS GEHELP OM AFSLUITING TE VIND NIE**

- Die doelstelling van die WVK was om Suid-Afrikaners in staat te stel om hul verlede te aanvaar (vrede te maak) (Bron 2A)
- Veertig jaar sedert die dood van Rick Turner en niemand is verantwoordelik gehou vir sy dood nie (Bron 2B)
- Die vrystelling van Artikel 29 verhore het nie Rick Turner se moordenaar identifiseer nie (Bron 2B)
- BSV en die veiligheidspolisie het nie aan die pen gery en was nie tot aanspreeklikheid gedaag vir die moord op Rick Turner nie (Bron 2C)
- Die bewyse soos weergegee in die spotprent doen aan die hand dat die familie van Rick Turner nie afsluiting gekry het nie (Bron 2D)
- Die WVK het die slagoffers van families in die steek gelaat omdat dit nie die mag gehad om oortreders te dagvaar vir misdade wat hulle gepleeg het nie (eie kennis)
- Daar was 'n gebrek aan politieke wilskrag om oortreders aanspreeklik te hou vir politieke moorde wat gepleeg is (eie kennis)
- Die WVK het die slagoffers van families in die steek gelaat omdat daar geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid was vir die moorde wat gepleeg is nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**SLAGOFFERS GEHELP OM AFSLUITING TE VIND**

- Die WVK het aangemoedig dat die waarheid vertel moes word (Bron 2A)
- ʼn Volle bekentenis van gruweldade wat gepleeg is sou genesing bring (Bron 2A)
- Die WVK het ʼn platform daargestel vir slagoffers om die waarheid te vertel soos dit gebeur het (Bron 2A)
- Die WVK het beklemtoon dat oortreders die waarheid moet praat oor die gruweldade wat gepleeg is (Bron 2A)
- Die WVK was bereid om na die getuienis van beide slagoffer en oortreder te luister (Bron 2A)
- Die WVK het families soos die Mtimkulu's gehelp om afsluiting te vind (eie kennis)
- Sommige families het vergoeding ontvang (eie kennis)
- Sommige families het verlig gevoel en kon oorskotte van hul geliefdes vind en afsluiting vind (eie kennis)
- In 2018 was die Timol familie suksesvol om die waarheid te hoor oor hoe Ahmed Timol gesterf het (eie kennis)
- Gedurende die WVK verhore is dele van die waarheid geopenbaar soos die dood van Nokuthula Simelane (eie kennis)
- In sommige gevalle het oortreders om vergifnis gevra en families met antwoorde voorsien (eie kennis)
- Die WVK wat gelei is deur Tutu en Boraine het ʼn poging aangewend om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te verkry
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie slagoffers van politieke misdade gehelp het om afsluiting te vind nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie slagoffers van politieke misdade gehelp het om afsluiting te vind.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie slagoffers van politieke misdade gehelp het om afsluiting te vind.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING NA 1990 TOT WERKSVERLIESE IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF BYGEDRA?**

3.1.1 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 3A - V1]*
- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik van mekaar word en dat mense reg oor die wêreld meer verbind is met mekaar
- Globalisering verwys na interkonneksie tussen verskeie ekonomiese, politiese, tegnologiese en kulturele sfere
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Verskaf dit direk werksgeleenthede aan 127 000 mense'
- 'Ongeveer 20% meer as die motor- en onderdelesektor'
- 'Hang die lewensbestaan van baie mense van die arbeidersklas van die oorlewing van die bedryf af' (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - V2]*
- Sjina se klere en tekstiel invoerkoste is goedkoper as die van plaaslike vervaardigers
- Plaaslike klere- en tekstielprodukte was nie kompeterend geprys in vergelyking met die wat uit Sjina ingevoer is nie
- Plaaslike verbruikers het begin om goedkoper invoer produkte van Sjina te koop
- Die aanvraag vir plaaslike klere- en tekstielprodukte het met die jare afgeneem
- Plaaslike klere- en tekstielfabrieke het duisende werkers afbetaal as gevolg van 'n gebrek aan aanvraag
- Honderde plaaslike klere- en tekstielfabrieke het toegemaak as gevolg van 'n tekort aan profyt
- Die verwydering van beskermende tariewe het dit maklik gemaak vir goedkoop Sjinese goedere om Suid-Afrika in te kom en daardeur die plaaslike nywerhede beïnvloed
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A - V1]*

**(a) Groot maatskappye**
- 'Deur beleggings te lok om masjinerie en prosesse te moderniseer'
- 'Produktiwiteit verbeter'
- 'Klere-uitvoere het ... gegroei'
- 'Verlaagde werksvlakke' (enige 1 x 1) (1)

**(b) Klein en Medium-ondernemings**
- 'Die meeste sukkel'
- 'Kon nie daarin slaag om die nodige beleggings te lok nie'
- 'Sonder om produksiehoeveelhede te verhoog' (enige 1 x 1) (1)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'stygende arbeids(koste)'
- 'Grondstof (koste)'
- 'Fabriekshuurkoste'
- ''n toename in onwettig ingevoerde goedere' (enige 3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - V2]*
- Arbeidskoste volgens SACTWU het tred gehou met inflasie
- Arbeidskoste het nie die hoogte in geskiet en dus nie bygedra tot werk-verliese in die klere- en tekstielbedryf nie
- Arbeidskoste is tot 'n minimum gehou (6% in 2000 en 1.87% in 2001)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.3 *[Vasstelling van bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*

**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit die redes beklemtoon vir die sluiting van klere- en tekstielfabrieke
- Dit die impak beskryf wat globalisering gehad het op die klere- en tekstiel bedryf
- Die verskillende standpunte van die Cape Clothing Association en SACTWU rakende die redes vir werkverliese in die klere- en tekstielbedryf gegee word
- Dit beklemtoon hoe tariewe, handelsooreenkomste en onwettige invoere sowel as storting die hoof redes vir werksverliese in die bedryf is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C - V2]*
- Die plakkaat dra 'n boodskap oor dat klerefabrieke gered moet word van sluitings
- Die plakkaat beskryf 'n werker besig met die maak van klere wat in Suid-Afrika vervaardig is
- Die plakkaat rig vertoë aan Suid-Afrikaanse verbruikers om Suid-Afrikaanse klere te koop
- Die plakkaat wys 'n bekommerde/ besorgde fabriekswerker wie se werk moontlik in gedrang kan wees as gevolg van die impak van globalisering
- Die plakkaat is ontwerp deur COSATU om die omstandighede in die klere- en tekstielbedryf bekend te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C- V2]*
- COSATU wou die stryd van die klere- en tekstielwerkers beklemtoon (om te verhoed dat werkers hul werk verloor)
- COSATU wys sy ondersteuning aan werkers wie 'n risiko loop om werkloosheid in die gesig te staar indien fabrieke sou toemaak
- COSATU noem dat fabrieke nie moet toemaak nie
- COSATU beklemtoon dat klere in Suid-Afrika vervaardig moet word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B noem dat globalisering die oorsaak was vir werkloosheid in die klere- en tekstielbedryf en Bron 3C wys hoe globalisering die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf beïnvloed het
- Bron 3B beskryf dat werksgeleenthede verlore gegaan het in die klere- en tekstielbedryf en Bron 3C wys hoe COSATU reageer op werksverliese
- Bron 3B wys hoe die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf deur werkverliese geaffekteer is terwyl Bron 3C wys hoe 'n fabriekswerker klere vertoon wat in 'Suid-Afrika vervaardig is'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D- V1]*

- 'Nuwe werksgeleenthede'
- 'Groter geleenthede'
- 'Verhoogde produktiwiteit' (3 x 1) (3)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D - L1]*

- 'Regering se ondersteuning van die bedryf'
- 'Die Unie se aktiewe veldtog vir werk'
- 'Die regering wat die vergroening van die bedryf voorstaan om dit meer volhoubaar te maak'
- 'SACTWU se 'koop Suid-Afrika' veldtog'
- 'SACTWU se ooreenkomste met groot maatskappye en instellings om die plaaslike bedryf te steun' (enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D- V2]*

- Die veldtog was 'n poging om te verhoed dat fabrieke hul deure toemaak
- Om te verhoed dat werkers afgedank word/werk verloor
- Om werkloosheid in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf aan te spreek/ plaaslike gemeenskappe 'n hupstoot te gee
- Om Suid-Afrikaners aan te moedig om plaaslike vervaardigde klere in plaas van goedkoop invoere te koop om die plaaslike ekonomie 'n hupstoot te gee
- Om die plaaslike klere- en tekstielbedryf te laat oplewe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Globalisering het 'n negatiewe impak op Suid-Afrika se klere- en tekstiel bedryf (Bron 3A)
- Groot klere- en tekstielfabrieke moes werkers afdank as gevolg van globalisering (Bron 3A)
- Klein en Medium Ondernemings het gesukkel om hul besighede aan die gang te hou en moes hul deure sluit (Bron 3A)
- Globalisering het bygedra dat 19 maatskappye in Kaapstad hul deure sluit wat aanleiding gegee het dat 2 249 fabriekswerkers hul werk verloor (Bron 3B)
- Die sluiting van klere- en tekstielfabrieke het aanleiding gegee dat 33 963 hul werke in Suid-Afrika verloor het (Bron 3B)
- Die Cape Clothing Association noem dat 140 maatskappye hul deure gesluit het (Bron 3B)
- Baie klere- en tekstielmaatskappye moes hervestig na gewese tuislande of suidelike Afrikastate as gevolg van goedkoper bedryfskoste (Bron 3B)
- SACTWU het werksverliese toegeskryf aan die regering se tarief-programme, handelsooreenkomste onwettige invoere en storting van goedkoop goedere (Bron 3B)
- Suid-Afrika ondervind dalende produksievlakke tussen 2 000 en 2015 (Bron 3D)
- Goedkoop Sjinese invoere het aansienlik bygedra tot die afname aan werkverskaffing vir werkers in die klere- en tekstielbedryf (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe globalisering in Suid-Afrika bygedra het tot werkloosheid in klere en tekstiel bedryf na 1990 nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe globalisering in Suid-Afrika bygedra het tot werkloosheid in klere en tekstiel bedryf na 1990.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe globalisering in Suid-Afrika bygedra het tot werkloosheid in klere en tekstiel bedryf na 1990.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe volgehoue druk van internasionale anti-apartheidsorganisasies gedurende die 1980's tot transformasie in Suid-Afrika aanleiding gegee het

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe verskillende vorme van weerstand deur die internasionale anti-apartheidsorganisasies gedurende die 1980's tot transformasie in Suid-Afrika bygedra het.

UITBREIDING
- Redes vir die volgehoue druk van die anti-Apartheidsbeweging (AAM) in die 1970s en 1980s in antwoord op PW Botha se hervormings in Suid-Afrika (Kort agtergrond)
- IAAM (Ierse Anti-Apartheidbeweging) gestig deur Kader Asmal
- Gedurende die 1980s het die Internasionale Verdedigings- en Hulpfonds (IDAF) noodtoestand aanhoudings finansieel befonds/Het R200 miljoen in Suid-Afrika ingesmokkel/het 'n netwerk van skenkers geskep wie die vrylating van politieke gevangenisse befonds het/Van Januarie 1985 het die IDAF 16 551 regspraaksake befonds (bv. aanhouding, algemene regsvervolgings van straataktiviste)
- **Sportboikotte:** In 1981 het Nieu-Seeland protes aangeteken teen die 'rassistiese' Springbok toer/Suid-Afrikaanse Sportraad (SACOS) stig politieke bande met die UDF en COSATU/slagspreuk 'Geen normale sport in 'n abnormale samelewing nie'/Teen die laat 1980s was SA verban uit 90% van wêreldsport
- **Kulturele Boikotte:** Internasionale kunstenaars – slegs nie-rassige gehore/ Kunstenaars teen apartheid is gestig in Brittanje deur Dali Tambo en Jerry Dammers/Die Britse Akteurs-unie 'Equity' het die gebruik van televisieprogramme deur sy lede in Suid-Afrika verbied/1985 VSA 'Kunstenaars Verenig teen Apartheid'/geweier om in Suid-Afrika op te tree en geld ingesamel vir die bevrydingsbewegings/1986 Vryheidsfees in Londen wat deur ŉ skare van 250 000 bygewoon is/musikante spreek hul solidariteit uit met die mense van Suid-Afrika/sprekers van die ANC, SWAPO en Britse Anti-apartheidsbeweging het die skare toegespreek
- **Akademiese Boikotte**: Akademici het geweier om na Suid-Afrika te reis/Uitgewers het geweier om SA manuskripte te publiseer/Geen samewerking van geleerdes nie/Uitgewers van die buiteland het geweier om toegang tot informasie te gee/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse deelname verban/Oorsese instansies het SA akademiese toegang geweier/Oorsese instansies het geweier om SA grade te erken/skole oorsee het geweier om op te tree as eksterne eksaminatore vir tesisse wat aan SA universiteite voorgelê is/Trinity College het sy fakulteite verbied om met Suid-Afrikaanse universiteite saam te werk
- **Verbruikersboikotte**: SA ondervind ŉ resessie in die 1980s/Anti-apartheidsgroepe moedig die publiek aan om SA produkte te boikot/Ierse werkers weier om vrugte van SA te hanteer/Invoere van grondstowwe soos steenkool, yster, staal van Suid-Afrika was verban

- **Disinvestering:** Dit was die gevolg van die resultate van die Soweto Opstand en die dood van Steve Biko / Swede was die eerste land wat in SA disinvesteer het / Teen 1984 het buitelandse beleggings in Suid-Afrika met 30% gedaal / Teen 1980 het Brittanje reeds van Simonstad Skeepswerf disinvesteer / General Motors en Barclays Bank het uit SA onttrek / Gedurende die 1980s het SA se ekonomie gesukkel soos beleggers die land verlaat het / Die rand het gedevalueer / die uitwerking van AAM se optrede het resultate begin wys / Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 VSA maatskappye uit SA onttrek / Universiteit van Kalifornië onttrek beleggings van meer as drie biljoen dollar uit SA
- **Sanksies:** In die 1980s het die Sullivan-beginsels (wat daarop gesinspeel het dat werkers van VSA maatskappye gelyk moes behandel word) die basis gevorm vir die disinvesteringsveldtog in Suid-Afrika / Studenteprotes in die 1980s gee aanleiding tot die onttrekking van VSA handelsmaatskappye / 1982 het die Verenigde Volke (VN) apartheid veroordeel en 'n beroep gedoen vir totale sanksies teen Suid-Afrika
  - In 1985 het Chase Manhattan Bank bande met SA verbreek / Johannesburgse Effektebeurs (JEB) gesluit vir 4 dae. Die waarde van die Rand het met 35% gedaal vanaf 54 tot 34 sent tot die dollar) / In 1985 het die Europese Unie nuwe beleggings in SA verbied
  - In 1986 het die VSA Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in SA verbied / Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het opgehou om besigheid in SA te doen / VSA het gedreig om die verkoop van wapens aan SA te stop / Die 1986 anti-Apartheidswet van die VSA gee aanleiding dat sommige Europese lande en Japan sanksies teen SA instel / Internasionale banke het vertroue in SA se ekonomie verloor
  - In 1987 het Israel gestem om nie bestaande verdedigings kontrakte met SA te verleng nie / In 1988 het een vyfde van Brittanje en 184 Amerikaanse maatskappye uit SA onttrek as gevolg van druk van aandeelhouers / Barclays Bank het hul aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek / Die SA ekonomie het aansienlik afgeneem en het met 'n skrale 1.1% per jaar gegroei
- **Die rol van internasionale vakbonde**: Die AAM het 'n handelsboikot teen SA ingestel / Ierse Kongres van Handelsunies het die apartheid regime in SA teengestaan
- Politieke en finansiële krisis het in SA voortgeduur / Westerse moondhede het druk op SA geplaas om apartheid te beëindig / Die apartheidsregime het geen ander keuse om met ernstige onderhandelings met die anti-apartheidsorganisasies te begin nie
- **Vrylating van Mandela Veldtog** Wembley Stadion / Verenigde Nasies / VN Veiligheids Raad en Algemene Vergadering doen 'n beroep vir die vrylating van Mandela
- **Die rol van die Frontliniestate –** verskaf basisse vir opleiding van vryheidsvegters; veroordeel Suid-Afrika se apartheidsbeleid by die VN
- Enige ander relevante antwoord

**[50]**

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA DIE SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle met die stelling saamstem moet hulle verduidelik hoe Nelson Rolihlahla Mandela eiehandig verantwoordelik was vir die geboorte van 'n vrye en demokratiese Suid-Afrika. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie moet hulle hul argument met bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui of Nelson Mandela eiehandig verantwoordelik was dat Suid-Afrika 'n vry en demokratiese land in 1994 geword het.

UITBREIDING
- De Klerk kom aan bewind in 1989
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Ontbanning van die politieke en gemeenskapsorganisasies, soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkinge op COSATU, AZAPO, ens
- Die vrylating van Nelson Mandela uit die gevangenis op 11 Februarie 1990
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela, NP-afvaardiging onder leiding van FW de Klerk)
- Apartheidswetgewing tot niet verklaar soos die Aparte Reservering van Geriewe Wet
- Geweld in die Vaal Driehoek
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te skort)
- Ontmoeting van politieke partye – KODESA 1 (20 Desember 1991)
- Die Verklaring van Voorneme
- Slegs Blanke referendum en sy uitwerking (Maart 1992)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) misluk. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse regering nie
- NP dring aan op minderheid veto terwyl die ANC aandring op 'n tussentydse regering wat nie langer as 18 maande sal dien nie en eenvoudige meerderheidsregering
- Voortslepende geweld op pendelaarstreine aan die Rand
- Boipatong-slagting en die gevolge (17 Junie 1992)
- Nelson Mandela se leiersrol in sy oproep tot aanhoudende massa aksie teen die Nasionale Party
- Bhisho-slagting (Gqozo) en die uitwerking op die onderhandelingsproses (7 September 1992)
- Memorandum van Verstandhouding – Meyer en Ramaphosa
- Veelparty Onderhandelingsforum
- Verregse aanval op Wêreldhandelsentrum en sy gevolge
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993)
- Sunset Clause ingestel deur Joe Slovo het die dooie punt in onderhandelings verbreek

**[50]**

- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing word vasgestel (27-29 April 1994)
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

**Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul argumente met relevante bewyse ondersteun.**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die val van die Berlynse Muur in 1989 die weg gebaan het vir die Nasionale Party en die African National Congress om met samesprekings te begin. Hulle moet na die relevante gebeure verwys wat die politieke omstandighede in Suid-Afrika tussen 1989 en 1990 verander het

UITBREIDING
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die val van die Berlynse Muur die weg gebaan het vir beide die Nasionale Party en die African National Congress om samesprekings met mekaar te begin en hoe die samesprekings aanleiding gegee het tot politieke veranderinge in Suid-Afrika.

UITBREIDING
- Die Sowjetunie disintegreer teen die einde van 1989 (Glasnost en Perestroika)
- Die Sowjetunie word nie langer beskou as 'n groot moondheid nie
- Kommunisme was nie langer beskou as 'wêreld bedreiging nie'
- Die val van die Berlynse Muur en sy impak
- Verandering in die wêreldpolitiek en sy impak op Suid-Afrika se apartheid hervormings
- Die apartheidsregime kon nie langer kommunisme gebruik om sy beleid van rasse segregasie te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Die VSA en sy bondgenote kon nie langer die apartheidsregime ondersteun nie
- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy houding te verander
- Die ANC ondervind ekonomiese en ideologiese uitdagings
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om te begin met onderhandelings
- Buitelandse ondersteuning vir beide die Nasionale Party en die ANC het vervaag en onderhandelings het na die beste opsie aan beide kante gelyk
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste oor die onafhanklikheid van Namibië te onderhandel wat dit maklik vir hulle gemaak het om met die ANC te onderhandel
- Die Westerse wêreld het die beweging ondersteun dat Suid-Afrika sy probleem vreedsaam en demokraties oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit heerskappy onbepaald kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling nie

- Daar was geen twyfel dat die aanhoudende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou handhaaf nie
- Die regering het begin glo dat hervormings die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas moet insluit wat sal dien as 'n 'verskansing teen rewolusie'
- Die veiligheidsmagte en noodtoestande het nie township geweld gestop nie
- Teen die laat 1980s was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n toestand van depressie
- PW Botha het 'n beroerte gekry en was opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering vanuit Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om kontak te maak met die bevrydingsorganisasies om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-Apartheids-organisasies aangekondig wat die weg gebaan het vir samesprekings
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

**Indien kandidate verduidelik tot ’n mindere mate, moet hulle hul argumente met relevante bewyse ondersteun.** **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou